# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 27 FEBRUARIE 2022

Oggenddiens om 09:00 in die kerk en aanlyn | Ds.Visser (3)

Meditatiewe diens om 09:00 in die kapel en aanlyn | Ds. Dietmann

Familiediens om 09:00 in die kleinsaal en aanlyn | Ds. Potgieter (7)

Relevantdiens om 18:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Ackerman

## TAFELGESPREKKE VIR BESIGE FAMILIES

***Ons behoort aan God – Wat beteken dit om myself vir God te gee?***

***Romeine 12:1-8***

Kom een aand as gesin rustig bymekaar en doen die volgende:

- Steek 'n **kers** aan en sê dankie dat die Here by julle is en vir julle as sy kinders sorg.
- Elkeen **deel**: Wat was jou hoogte- en laagtepunte van die dag?
- **Lees** die Bybelgedeelte.
- **Dink** na oor die gebruik van offers in die Ou Testament.
- **Watter** tipe offer wil God nou van ons hê? (Lewende & heilige offers.)
- **Wat** is die grootste geskenk wat Jesus vir ons gegee het? (Sy lewe!)
- **Wat** is die grootste geskenk wat ons vir Hom kan gee? (Ons lewe vir Hom en vir mekaar!)
- Ons **bid** saam dat Jesus ons hele lewe sal beheer.

## AFSKEID DS. HANNO ACKERMAN

Ons neem vanaand om 18:00 tydens die Relevantdiens afskeid van ds. Hanno Ackerman. Alle lidmate word uitgenooi om die geleentheid by te woon. Verversings sal na die diens bedien word.

## NUWE LIDMATE

Meld asb. na die diens by die leraar wat gepreek het aan, of stuur jou besonderhede aan odette@stellenberg.co.za, of skakel die kerkkantoor by 021 976 4519. Ons wil jou baie graag persoonlik verwelkom.

### LYDENSTYD BEGIN

Sondag 27 Februarie is die eerste Sondag van die Lydenstyd.

### KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### ASEMSKEP-GEBEDSGROEP

Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel. Enige iemand is welkom, sluit gerus by ons aan.

## BASAAR 4 MAART OM 15:00

Ons gaan weer soos van ouds basaar hou.

- **Op die spyskaart.** Braaivleis en slaai, kerrie-en-rys, hamburgers, boereworsrolle, jaffles, roosterkoek, tjips, vetkoek, pannekoek, poeding, doughnuts, spookasem en drinkgoed.
- **Vir die kinders is daar lekker speletjiies.** Kom versier jou eie kolwyntjie, skyfskiet en springkastele.
- **Gebak**. Tuisgebak of gekoop: koek, beskuit, tert, kleinkoekies, ens. Gee bydraes asb. op die basaardag by die offertafel af.
- **Bestanddele.** Skenkings van bestanddele help ons om die basaarkos teen laer pryse ekstra lekker te maak. Die volgende kan by die kerkkantoor afgegee word: meel, suiker, boksies vla, kaas, rys en eiers.
- **Tjoppies op die vuur.** Maak asb. 'n donasie vir die aankoop van lamsvleis. Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, of gebruik die SnapScan-kode. Gebruik *basaar* as verwysing.
- **Poeding**. Het jy 'n klitser, 'n mengbak, 'n oond en 'n yskas – dan kan jy help met die maak van gebakte of jelliepoedings vir die basaar. Laat weet vir Karen by 082 827 9389 waarmee jy kan help.

## NUWE JEUGLERAAR

Die kerkraad het 'n preadvieskommissie wat die beroepingsproses vir die aanstelling van 'n jeugleraar in ds. Hanno Ackerman se plek sal bestuur, benoem. 'n Beroep sal in Meimaand uitgebring word. Lidmate wat kandidate wil nomineer, kan nominasies aan odette@stellenberg.co.za stuur.

## BELYDENISKAMP 8 TOT 10 APRIL

Graad 12's wat belydenis van geloof wil aflê, word na die belydeniskamp in April uitgenooi. Aansoekvorms is op www.stellenberg.co.za/relevantbediening.

### ANNIBRAND JUNIOR

Elke Sondagoggend na die oggenddienste tot 10:45.

Graad 1-3: kleinsaal

Graad 4-6: grootsaal

Graad 7: jeuglokaal

### ANNIBRAND SENIOR

Elke Sondag om 18:00 in die kerk.

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel

083 519 0602.

## 'N WEEK VAN GEBED 13 TOT 16 MAART

Tema | Van aangesig tot aangesig

- Sondag 13 Maart om 18:00 in kerk: 'n Simfonie van gebed met sang en gebede saam met Raymondo en Johannes van Staden-Slabbert. Die Relevantdiens word om 18:00 in die kleinsaal aangebied.

Ds. Andries Cilliers bied vanaf 14 tot 16 Maart om 19:00 in die kerk en aanlyn die volgende drie-dag-kursus aan:

- Maandag 14 Maart | Van aangesig tot aangesig met God (Numeri 6:22-27).
- Dinsdag 15 Maart | Van aangesig tot aangesig met iemand na wie ek verlang (1 Tessalonisense 2:17-20; 3:6-13).
- Woensdag 16 Maart | Van aangesig tot aangesig met iemand wat ek vrees (Genesis 32:1-8, 22-32 en 33:1-11).

Kontantoffers kan volgens eie oordeel by die kursus gegee word.

## WÊRELDBIDDAG VIR VROUE

Alle vrouens en dogters word uitgenooi na die spesiale byeenkoms op Dinsdag 1 Maart om 18:30 in die kapel. Lande vir wie voorbidding gedoen word is Engeland, Wallis en Noord-Ierland.
Tema: Die Here sê: "Ek weet wat ek vir jou beplan."

## LEES DIE BULLETIN OP JOU SELFOON

Lees die bulletin op jou selfoon en kyk na die aanlyn oggenddiens op jou foon deur 'n WhatsApp of Telegramboodskap met jou naam + van + bulletin na 081 045 2428 te stuur, of skandeer die QR-kode hier regs met jou WhatsApp-kamera en sluit by die groep aan.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 4 Maart om 14:30

Jeremia 23:Die Here is naby en vêr . . . Die Here is oral.

### NAGMAAL

Sondag 27 Februarie om 17:30 in die eetsaal.

Psalm 103: Loof die Here, o my siel!

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue elke Maandag-oggend om 10:00, het na die ou kafeteria-area verskuif. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.

### BREIGROEP

Die groep ontmoet weer op Maandag 7 Maart om 09:30 in die markplein.

Bring jou breiwerk saam.

## BYBELSKOOL | EERSTE KWARTAAL

Die Bybelboek Romeine word as die hoogtepunt van Paulus se bediening beskou. Kom verken saam met ons hoe die boodskap in Romeine – van God se genade – opnuut vir jou lewe in 2022 oopgebreek kan word. Die kursus word op Maandagaande vanaf 21 Februarie tot 14 Maart om 19:00 in die kerkgebou deur ds. Marius Breytenbach aangebied. Koste: R30 vir die handleiding. Belangstellendes kan steeds by die kursus inskakel of volg dit aanlyn op www.stellenberg.co.za.

## VATVYF-UITSTAPIE

Op Dinsdag 8 Maart vanaf 09:00 tot 13:00 besoek ons die Kirstenbosch Botaniese Tuin. Toegang is gratis – onthou jou ID. Ons gaan piekniek hou in die tuin en 'n entjie stap. Bring dus jou eie eet- en drinkgoed asook 'n kussing, stoel, of kombers. Daar is ongelukkig net plek vir 25 persone in die bussies, maar jy is welkom om met jou eie vervoer te ry. Vir busvervoer bespreek jou plek voor Maandag 7 Maart by Anneke, 021 976 4519.

## TIENDEMAANDINSAMELING DUUR TOT 28 FEB

Ons maak met groot dankbaarheid bekend dat R1303 170 met die tiendemaandinsameling ingevorder is. Die kerkraad en gemeenteleiers wil graag hul dank aan elke lidmaat, wat tot die insameling bygedra het, oordra, veral omdat ons bewus is daarvan dat die heersende ekonomiese klimaat baie uitdagings aan lidmate stel. Die tiendemaandinsameling word hoofsaaklik vir gemeentewerksaamhede benut.

**EFT-betaling**

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

**Kontantbydraes**

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

**SnapScan**

### KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### AFVALWOL

Die vlytige breiers in die breigroep is altyd op soek na afvalwol. Skenk gerus enige bruikbare afvalwol. Dit word verwerk in truie, serpe en musse wat tydens die winteruitreike aan minderbevoorregte kinders uitgedeel word.